Leierverkiesing 2011

Die Bestuur en Beheerliggaam van die skool het vanjaar besluit om die beleid aangaande die verkiesing van leiers by Laerskool Anton van Wouw te wysig. Deursigtigheid en kommunikasie met ons ouergemeenskap is vir ons baie belangrik, daarom dié skrywe.

In die verlede is die Leerderraad verkies deur die graad 6-leerders en slegs dié onderwysers wat die Graad 6'e baie goed geken het. Alle stemgeregtigdes het gelykwaardige stemme gehad - stem vir 12 seuns en 12 dogters. Die seun met die meeste stemme is die hoofseun; tweede meeste die onderhoofseun, ens.

Nou is die beleid as volg gewysig:

- Die graad 6'e het **mekaar** beter leer ken tydens 'n spesiale speletjiesmiddag, waar hulle in gemengde groepe moes saamwerk.
- Daarna het hulle 'n weeklange leierontwikkelingskamp bygewoon. Hier het ons ons méér as die gewone aantal onafhanklike fasiliteerders gekry om in klein groepies met die leerders te werk. Dié kamp is ook bygewoon deur die Hoof, leerderraadvoog, 'n leiervoog, twee onderwyseresse met ondervinding t.o.v. leieridentifisering én die hele Bestuurspan wat 'n middag en aand daar kom deurbring het. Na afloop van die kamp, het ons 'n skriftelike verslag van elke fasiliteerder oor elke leerder ontvang. Die punte wat die leerders op dié kamp gekry het, tel 30%!
- Die Hoof het 'n gesprek met die Gr. 6-leerders gevoer - daarna het hulle elkeen gestem. Hierdie stemme tel 30%
- Die graad 6-onderwysers wat vir ál die klasse skoolhou, sowel as alle ander personeel wat die **hele** groep ken, kon stem. Hierdie stemme tel 30%
- Die Bestuurspan, bestaande uit die Hoof en vyf Departementshoofde, het ook gestem. Hierdie stemme tel 10%.
- Die seun/dogter met die hoogste stemme is die hoofseun/-dogter.
- Die seun/dogter met die tweede hoogste stemme is die onderhoofseun/-dogter.

Staatmakerstelsel:

By ons skool val die klem op leier**ontwikkeling**. **Al** die leerders word in komitees ingedeel, waar hierdie ontwikkeling daadwerklik op alle vlakke gedoen word.

Elke 6 tot 8 weke word leerders geassesseer ten opsigte van verskeie kriteria en kan hulle benoem word as 'n Staatmaker. Met die **derde** benoeming word sodanige leerder dan 'n **volwaardige** lid van die Leerderraad.

Só het die Leerderraad van 2010 reeds aangegroei tot 'n volle 49 lede!

Uit bogenoemde kan u dus duidelik sien dat dit 'n objektiewe, regverdige wyse is (na die beste van ons vermoë) waarop die Leerderraad 2011 verkies is.

Dit is vir ons 'n voorreg én 'n uitdaging om ook ten opsigte van hiérdie belangrike ontwikkeling van ons kinders ... hulle ten volle te lei en ondersteun.

Baie dankie vir élke ouer se ondersteuning en vertroue vanuit die ouerhuis!